



GRONDWET VAN DIE LEERLINGRAAD

KLOUSULE 1: DOELSTELLINGS

Om aktief by te dra tot:

- 1.1 die bevordering van die verhouding tussen leerderraad en personeel;
- 1.2 die bevordering van die verhouding tussen die skool en die gemeenskap.
- 1.3 doeltreffende skooladministrasie
- 1.4 die handhawing en die uitbouing van 'n "ware Tjokkiegees" en
- 1.5 die kweek en bevordering van 'n trots en lojaliteit teenoor die skool by medeskoliere.
- 1.6 die optimale ontwikkeling van leierspotensiaal deur:
 - (a) leierskursusse
 - (b) spanbousessies
 - (c) deelname aan die leiersberaad
 - (d) opleiding t.o.v. verskeie aspekte van vergaderingprosedure
 - (e) uitstappies
 - (f) reëlins rondom verskeie aktiwiteite by die skool, verjaarsdae, ens.

KLOUSULE 2: MATE EN BEVOEGDHEDE

- 2.1 Alle magte en bevoegdhede van die leerderraad word deur die Bestuurspan van die skool aan die leerderraad gedelegeer.
- 2.2 Die Bestuurspan van die skool het die beslissende oordeel ten opsigte van alle besluite van die leerderraad.

KLOUSULE 3: LIDMAATSKAP

- 3.1 Ongeveer 28 leerders word verkies tot die leerderraad. Die getal seuns tot dogters word bepaal volgens die verhouding seuns/dogters in die skool.
- 3.2 'n Lid se lidmaatskap kan beëindig word indien 'n lid
 - (a) nie die vergaderings bywoon nie,
 - (b) hom/haar skuldig maak aan pligsversuim,
 - (c) optrede van 'n lid van so 'n aard is dat dit tot nadeel van die skool strek. (Growwe oortredings)
- 3.3 Die Bestuurspan van die skool se beslissing in verband met die beëindiging van lidmaatskap sal geldend en finaal wees.

KLOUSULE 4: VERKIESINGSPROSEDURE (Hersien 2013)

- 4.1 Alle graad 6 leerders wat belangstel om op die leerderraad te dien, se name verskyn op die kieserslys. Norme wat in ag geneem moet word by die verkiesing van lede is onder andere:
- (a) leierspotensiaal
 - (b) algemene gedrag
 - (c) betrokkenheid by skoolaktiwiteite
 - (d) akademiese standaard
- 4.2 Die volgende groepe het stemreg om die leerlingraad te kies:
- (a) **Gr 5, 6 en 7 personeel wat vir al die kinders skoolgehou het. Bovermelde personeel se stemme tel drie punte.)**
 - (b) Gr. 6 leerders
 - (c) Die leerlingraad van die betrokke jaar (B & C se stemme tel een punt)

Nota:

1. **Die finale bekragting van die nuutverkose leerderraad is die verantwoordelikheid van die Leerlingraadkomitee, bestaande uit die Uitvoerende Bestuurspan (5), graad 6 leerkragte (4) en die voogpersoneel. (2) Ingeval van 'n staking van stemme sal die Uitvoerende Bestuurspan die finale sê hê.**
 2. **Die verkose groep staan bekend as die Leerlingraad van Primêre skool Universitas.**
- 4.3 **Op 'n gegewe dag gedurende Oktobermaand tree die Leerderraad komitee in gesprek met die hele graad 6 groep om die volgende te doen.**
- **Taakoms Krywing en funksionering van leerlingraad te verduidelik. (Sien klousule 5)**
 - **Leerlinge die geleentheid te gee om hom/haar nie verkiesbaar te stel nie.**
 - **Leerlinge die kans te gee om die saak te oordink en hul besluit die volgende dag aan die voogonderwysers deur te gee.**
 - **Leerlinge word aan die groep voorgestel en veral leerlinge met dieselfde name/vanne het word veral uitgewys om seker te maak hulle weet wie is wie.**
 - **Die stemproses word verduidelik, naamlik dat hulle nie vir meer as die voorgeskrewe getal (20 seuns en 20 dogters) leerlinge mag stem nie, maar wel vir minder. Hulle mag ook vir hulleself stem**
 - **Die komitee bepaal die finale hoeveelheid leerders opgrond van dogters/seuns verhouding, pligte en leierskap potensiaal.**
 - **Opvoedkundige gesprek oor vir wie gestem behoort te word en die feit dat almal nie gekies kan word nie. (Sien punt 4.1 en kousule 1-3)**
- 4.4 **Die stemproses vind verkieslik die daaropvolgende dag plaas om vooraf kousuk sover moontlik te probeer voorkom.**
- 4.5 **Elke stemgeregtigde gaan na die rekenaarklas waar daar van 'n rekenaarprogram gebruik gemaak word om te stem.**
- 4.6 **Die leerlinge se noemname moet langs hulle doopname op die stembrief verskyn.**
- 4.7 **Die verwerkte punte (Stemtotale) word aan die Leerderraadkomitee oorhandig vir bespreking en die finale bekragting van die leerlingraad.**

- 4.8** *Nadat die leerlingraad verkies is word daar uit die verkose groep gestem vir die hoofleiers. Net die verkose groep & graad 6 onderwysers stem. Hierna vergader die Leerderraadkomitee opnuut om die hoofleiers te bekragtig.*
- 4.9** *Elke stembriewe word vir ten minste drie maande in 'n vertroulike lêer op die rekenaar gestoor.*
- 4.10** Indien 'n lid van die leerlingraad om een of ander rede nie sy / haar termyn as leerderraadslid kan voltooi nie, wys die komitee die volgende leerder op die stemlys aan, om die vakature te vul.
- 4.11** *Die name van die verkose leerlingraadslede, word na bekragtiging, alfabeties, aan die Graad 6 en 7 leerlinge bekend gemaak. Gedurende 'n saalopening, so vroeg moontlik in die volgende jaar, word die nuut verkose leerderraad aan die hele skool voorgestel.*
- 4.12** Die leerlingraad ontvang eers hul balkies tydens die jaarlikse prysuitdelingsfunksie. Die hoofleiers se name word eers tydens die prysuitdelingsfunksie bekend gemaak.

KLOUSULE 5: TAAKOMSKRYWING VAN LEDE VAN DIE LEERDERRAAD

5.1 Leerderraadslede:

- 5.1.1** is verplig om leerderraadsvergaderings by te woon.
- 5.1.2** daarna streef om spangees onder mekaar te ontwikkel en te bevorder.
- 5.1.3** sal verantwoordelik wees vir 'n een godsdienstebeurt tydens e saalperiode per kwartaal.
- 5.1.4** moet dienspunte, in samewerking, met voogonderwysers identifiseer.
- 5.1.5** moet dienspunte beman gedurende pouses:
 Pligte: behulpsaam te wees met die veiligheid van leerders
 behulpsaam by ontvangs en telefoondiens in die kantoor
 help toesien dat leerders op die regte plekke speel.
 identifiseer moontlike probleme wat by leerders mag opduik. (gevaarlike speletjies, bakleiery, rommelstrooi, gevaarlike wapens, ens.)
- 5.1.6** moet help met die reëlings gedurende saalperiodes en ander byeenkomste.

5.2 Hoofseun / Onderhoofseun:

- 5.2.1** neem om die beurt die voorsitterstoel tydens leerderraadvergaderings
- 5.2.2** het as voorsitter die beslissende stem
- 5.2.3** moet homself op hoogte stel van korrekte vergaderingsprosedure
- 5.2.4** moet toesien dat take wat aan lede van die leerderraad opgedra word, uitgevoer word.
- 5.2.5** hys / stryk van die vlag
- 5.2.6** verantwoordelik vir die Tjokkieklok tydens saalopeninge.

5.3 Hoofmeisie / Onderhoofmeisie:

- 5.3.1** is verantwoordelik vir die afneem van die notule tydens amptelike vergaderings
- 5.3.2** hanteer die korrespondensie van die leerderraad
- 5.3.3** stel in samewerking met die res van die leerderraad die jaarverslag saam.

- 5.3.4 is verantwoordelik vir die stuur van:
 - (a) gou-gesond-word kaartjies aan leerders wat geruime tyd afwesig is
 - (b) kaartjies van gelukwense aan die personeel met hul verjaarsdae.
- 5.3.5 skakeling
- 5.3.6 hys / stryk van die vlag
- 5.3.7 blommerooster vir die administratiewe blok en skoolhoof se kantoor.

5.4 Tesourier:

- 5.4.1 ontvang jaarlikse toelae uit die skoolfonds
- 5.4.2 hanteer die besteding van die toelae in samewerking met die voogonderwysers
- 5.4.3 is verantwoordelik vir finansiële verslae
- 5.4.4 word deur die voogonderwysers uit die leerderraad benoem.

KLOUSULE 6: FUNKSIONERING VAN DIE LEERDERRAAD

- 6.1 Die dagbestuur van die leerderraad bestaan uit:
 - (a) Hoofseun en hoofdogter
 - (b) Onderhoofseun en onderhoofdogter
 - (c) Tesourier

- 6.2 Leerderraadvergaderings:
 - 6.2.1 Die leerderraad vergader minstens een maal per kwartaal op 'n amptelike basis waartydens notule van die vergadering gehou moet word.
 - 6.2.2 Daarbenewens kan op 'n weeklikse basis vergaderings belê word om roetinesake te bespreek.
 - 6.2.3 'n Reëlvergadering moet binne die eerste maand van die nuwe skooljaar tussen die leerderraad en die voogonderwysers belê word waartydens skoolreëls bespreek word om moontlike knelpunte uit te lig.

- 6.3 Jaarprogram:
 - 6.3.1 Die leerderraad moet binne die eerste kwartaal van die nuwe skooljaar vir hulself 'n jaarprogram saamstel.

- 6.4 Begroting:
 - 6.4.1 Die leerderraad, in samewerking met die voogonderwysers, dien gedurende Oktober 'n begroting in. Die fondse wat tot die beskikking van die leerderraad gestel word, is in samewerking met die voogonderwysers, die verantwoordelikheid van die tesourier.

KLOUSULE 7: WYSIGING VAN DIE GRONDWET

- 7.1 Die grondwet sal aan die begin van elke jaar (Januarie) behandel word en indien nodig, hersien word.

- 7.2 Wysigings kan deur enige leerderraadlid tydens 'n algemene vergadering voorgestel word. 'n Twee-derde meerderheid uit die leerderraad is nodig om die wysiging van die grondwet in beginsel te aanvaar. So 'n wysiging van die grondwet word aan die Bestuurspan van die skool voorgelê vir bekragtiging.

KLOUSULE 8: AANDEEL VAN DIE VOOGONDERWYSERS IN DIE LEERDERRAAD

- 8.1 Die skoolhoof benoem twee personelede om as skakel tussen die personeel en die leerderraad te dien. Hierdie personeel kan op 'n rotasiebasis aangestel word vir 'n termyn van drie jaar.
- 8.2 Voogonderwysers moet alle amptelike leerderraadsvergaderings bywoon.
- 8.3 Geen besluite rakende die leerderraad, of besluite deur die leerderraad self, kan geneem word sonder dat die voogonderwysers daarin geken is nie.
- 8.4 Die voogonderwysers is verantwoordelik vir die reël van uitstappies, spanbou en opleiding van die leerderraad.
- 8.5 Die voogonderwysers moet bystand verleen met die identifisering en oplos van probleme binne die leerderraad.

KLOUSULE 9: GEES VAN FUNKSIONERING

- 9.1 In ooreenstemming met die missie van die skool funksioneer die leerderraad op Christelike norme met die oog op die voortreflike ontwikkeling van die kind in al die fasette van menswees.



GOEDGEKEUR DEUR SKOOLHOOF:

DATUM: 2013-10-16